**6 Junie**

## Bekommerd in u ywer vir die Here?

**Skrifgedeelte: Psalm 119:21-40**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:28**

Psalm 119 sing van die vreugde daarvan om die wil van die Here te ken en dit te doen. Maar dit hou ook rekening met die bekommernisse van diegene wat die pad van die Here getrou wil loop.

Vir die digter voel dit asof sy lewensenergie soms druppel vir druppel uit hom wegdreineer. “My siel drup weg van kommer” (OAV). Waaroor bekommer hy hom so? Die vyandskap van ongelowiges kom telkens in dié psalm na vore. En daarby is hy ook bekommerd oor sy ou natuur wat geneig is om weg te dwing van die Here en sy wil af, en wat hom in die skande kan laat kom.

Wanneer ons moedeloos raak in ons ywer vir die Here, is dit net die waarheid van die Woord wat ons weer kan oprig. Ons word in die Woord bemoedigend daarop gewys dat Christus ook onder mense gely het, maar daardeur vir ons die pad na die ewige heerlikheid gebaan het. Daarom moet ons Hom voor oë hou. Verder word ons vertroos dat die onreg nie ongesiens verbygaan nie, maar dat Hy weer sal kom om te oordeel (bv. 1 Pet 2:21; 4:13; Heb 12:1-3).

Wanneer ons dan voel die stryd teen ons ou natuur is ’n verlore stryd, en ons bekommerd uitroep: “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” kom die blye antwoord: “Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus, ons Here” (Rom 7:24, 25). En so word die bekommernis te bowe gekom deur vreugde uit die waarheid van die raad van God gebore.

*Sing: Psalm 119:10, 12 (Totius)* *Ds. HB Hattingh (Warmbad)*